GRUNDLINGH, ALBERT 1987: *Fighting Their Own War*. Ravan Press, Johannesburg, pp. 200

Gebaseer op 'n D.Litt et Phil. - proefskrif wat in 1981 vir eksaminering aan UNISA voorgehou is met

die titel, *Die Suid-Afrikaanse Gekleurdes in die Eerste Wêreldoorlog,* gee die skrywer ons 'n insig in Suid-Afrikaanse Swartes se ervaringe gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Maar 'n blote relaas van gebeure rondom die Swartes in hierdie oorlog is hierdie werk egter ook nie! Inteendeel, soos die skrywer dit dan ook stel, is hierdie werk veel meer as dit. Dit wys ook op die Swartes se pogings in hierdie jare om hulleself van Blanke oorheersing los te maak. In hierdie verband skryf dr. Grundlingh dan ook soos volg:

*"Apart from its possible intrinsic interest, this study hopes to be more than a mere 'discovery' of black men in a 'white man's war'. During the period of the First World War Africans continued their struggle against domination on several levels - in essence they fought a war within a war." (pp. 3-4).*

In hierdie publikasie word veral op die volgende aspekte gekonsentreer: die Swartes se reaksie op die uitbreek van vyandelikhede in 1914 en hoe hierdie oorlog die onderskeie swart groeperinge se politieke aspirasies en ook verwagtinge beïnvloed het; die hele kwessie rondom die Swartes se deelname aan 'n sogenaamde "Blanke-oorlog"; die werwingskampanje van die Suid-Afrikaanse regering om Swartes in die oorlogspoging te betrek; die tipe militêre diens wat deur die Swartes gelewer sou word; militêre diens en swart politieke bewuswording asook sosio-ekonomiese veranderinge wat deur die oorlog te weeg gebring is.

Waar die Geskiedenisstudent met die bestudering van hierdie fase in die Suid-Afrikaanse geskiedenis meestal in die beskikbare sekondêre bronne met die BLANKES se ervaringe en wedervaringe ALLEEN te doen het, is hierdie werk van Albert Grundlingh dan ook 'n welkome bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie. Hier het ons met 'n wetenskaplike werk te make wat die soms onaangename werklikheid van 'n Suid-Afrikaanse klassesisteem baie duidelik belig.

Vir die Geskiedenisstudent is hierdie publikasie 'n moet. Hierin kry hy nie alleen 'n beter perspektief rakende die geskiedenis nie, hierdie werk gee ook tot groter nadenke aanleiding.

N. Wandrag